# 475 Verheerlik die Heer




Verheerlik die Heer op aarde vandag, prys Hom immermeer, herbore geslag!
Prys Hom vroeg en later want Hy is getrou, wat ons uit genade en liefde behou.
Verheerlik die Heer met siter en fluit! Prys Hom, prys Hom weer met harpe en luit!
Laat jubel-akkoorde die sang begelei, aanbiddende woorde aan Hom toegewy.
Verheerlik die Heer met orrelgeklank! Kom kniel voor Hom neer met loof en met dank;
verheerlik jou Maker, Verlosser en Heer, aanbid jou Bewaker voortaan immermeer.

Onbekend C.H.H. Parry (1848 – 1918)